WEEK 6 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

BEDIENINGSBEGELEIDING
Jonk Vrystaat

Jongres 2019: Hierdie geleentheid vir alle hoërskoolleerders, studente en jong volwassenes, word **vanaf 15 Maart om 15:00 - 16 Maart 2019 om 17:00,** by die NG Gemeente Hugenoot (Picardystraat 2, Bayswater), aangebied. Bywoning vir hoërskoolleerders is gratis, studente betaal R150pp en volwassenes R250pp - dit sluit etes vir Vrydagaand en Saterdagmiddag in. ***Registrasie is noodsaaklik vir almal - indien jy dit nie doen nie, kan jy dit nie bywoon nie!*** **Inskrywings sluit op Vrydag 8 Maart 2019** - klik **hier** vir die inskrywingsvorm. **Predikante kan 15 x VBO-punte verdien** deur dié geleentheid by te woon.

Jonk Vrystaat se Jongres 2019 is die plek waar Vrystaatse jong gelowiges hulle sê in die kerk kan sê. Kom praat, *worship* en droom saam met God se huisgesin. Kom deel jou hart in ons gesprekke en help om die dak met julle *worship* te lig! Hierdie jaar se Jongres gaan oor ons seksualiteit! Hoe help die kerk ons daarmee? Hoe praat ons daaroor? Wat sê die Bybel regtig oor verhoudings, seks en die uitleef van ons seksualiteit? Ons gaan saam lag (BAIE!) en saam huil. Meer nog… ons gaan saam droom oor hóé ons beter as kerk kan doen om jongmense regtig te help en te lei om God se hart ook oor ons seksualiteit te hoor.

#imagine-sentraal by Nampo Park (Bothaville) vanaf 29 - 31 Maart 2019: Maak jou gemeente, jou volwasse lidmate en jou tieners deel van die grootste samekoms van jongmense in die land. Meer nog, sien hoe hulle na hierdie byeenkoms terugkeer en in die gemeente, hulle skole, huise en dorpe 'n reuse verskil begin maak! Vir die bekendstellingsvideo op *YouTube*, klik **hier** - ***gemeentes, wys dit gerus tydens julle eredienste!*** Klik ook **hier** vir 'n dokument waar die ***#imagine- marketing press kit*** saam met die ***#imagine pre***- en ***post-experience-*** **pakkette**, bekend gestel word, volg net die webskakels (dit sal help om tieners vir die byeenkoms voor te berei). Die volgende is die kontakpersone vir die Vrystaat-geleentheid, skakel hulle gerus vir enige navrae of hulp wat verlang word:

Christo Nel - 076 943 2006

Johan Visser - 072 603 3205

Joe Müller - 082 337 6442

Ettienne Engelbrecht - 082 850 7807

GEMEENTENUUS

NG Boshof (Kerkstraat 10):

Besoek ook die webblad, www.goudveldmultisport.co.za, of kontak vir ds Philip Mc Laren op 082 452 4569.

NG Bedelia, Welkom bied aan - die Anco Ultra Marathon:

Hierdie marathon bied vir jou 'n geleentheid om te kwalifiseer vir *Comrades* 2019 en is ook 'n goeie oefening vir die *Two Oceans*-wedloop. Die wedloop begin en eindig by die Welkom swembad.

Hierdie is 'n fondsinsamelingsprojek en kan ook 'n heerlike gesinsgeleentheid word. Die oggend is daar 'n veilige 5km *Colour Run* vir die hele gesin en vir *Parkrunners* is dit vroeg genoeg om nog 'n *Parkrun* ook te kan voltooi. Klik **hier** vir al die **inligting** en **hier** vir die **inskrywingsvorm**.

NG Gardeniapark, Bloemfontein:

NG Bedelia, Welkom se Wildsfees:

Alhoewel dit nog geruime tyd is voordat hierdie geleentheid plaasvind, wil die gemeente reeds met die bemarking daarvan begin. Klik gerus **hier** vir al die besonderhede rakende die geleentheid, asook die kompetisie wat daarmee saamloop.

Wêreldbiddag vir Vroue - 2019:

Hierdie geleentheid vir vroue vind op Vrydag 1 Maart plaas, dit is altyd die eerste Vrydag in Maart. Die skrywerland is Slowenië en die tema is, ***Kom - alles is gereed!*** - klik **hier** vir die bestelvorm. Op die **webwerf** van die Wêreldbiddag vir Vroue verskaf hulle die volgende agtergrondinligting:

The Women's World day of Prayer is a global ecumenical movement of Christian women. In more than 170 countries, they come together on the first Friday in March to join in prayer and action for peace and justice. The World day of Prayer brings together women of various races, cultures and

churches in fellowship and understanding. In South Africa the first World Day of Prayer service was held in March 1930 in the Sea Point Congregational Church. In 1946 a National Committee for Southern Africa was established. Members of this Committee are nominated by a variety of church leadership.

Byeenkomste vind reeds by die volgende gemeentes plaas - ander gemeentes wat ook sulke geleenthede reël, is welkom om die inligting na kerkinfo@ngkvs.co.za te stuur **(onthou om adresse by te voeg):**

NG Gardeniapark:

NG Boshof (Kerkstraat 10):

NG Hugenoot: Nog 'n geleentheid wat in Bloemfontein gaan plaasvind is by die **NG Gemeente Hugenoot, Picardystraat 2, Bayswater, op 1 Maart 2019 om 18:00**, met **ds Elsa Meyer** as die **gasspreker**.

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Bedieningsbegeleiding - Erediens Netwerk bied aan:
Werkswinkel vir Multisensoriese Eredienste

NB! *Inskrywings en betalings moet vóór Maandag 4 Maart 2019 by Lisma, daf@ngkvs.co.za gedoen word - bankrekeningbesonderhede vir betalings: NG Kerk Vrystaat, Nedbank, reknr 1178 097 218, takkode 198765 (verwysing is Multi+naam) - stuur asseblief bewyse van betalings aan genoemde e-pos adres.

Dr Johan Lötter het in 2018 'n PhD in homiletiek aan die NWU ontvang - hy het daarna vir prof Pierre Jordaan van die Griekse Departement aan die NWU in 'n koffiewinkel raakgeloop en 'n uitdagende

droom is gebore. Hierdie is 'n werkswinkel, nie 'n akademiese rede nie. Die kerk en sy retoriek is gereed vir opwindende kontekstuele aanpassings. Jy kry 20 x VBO-punte, vyf *Powerpoint*-preeksketse en 'n nuwe méér informele liturgie en literatuur om saam te neem huis toe.

Die verhaal van die NG Gemeente Vredefort en hulle eksperimentele informele eredienste en erediensteaakgroep word tydens hierdie werkswinkel vertel, met verstommende resultate van hóé bejaardes daarby baatvind en tieners vra wanneer die volgende diens weer aangebied gaan word. Hóé die leraar saam met hierdie taakgroep werk en kreatiwiteit herskep word. Hierdie dienste boots geen ander denominasie ná nie en is die praktiese resultaat van vier jaar se navorsing. Tydens hierdie werkswinkel gaan 'n preekteks binne groepsverband voorgelê en hanteer word, totdat die groep die deduktiewe teks in 'n multisensoriese erediens van hoor, voel en sien verander en hulle hul kan verbeel hóé die ontvangers reeds die boodskap gaan beleef en dit nie net hoor nie.

Vir enige navrae, kontak vir ds Org van der Watt op 082 226 7635, of jgvdwatt@gmail.com

TRAUMATIC INCIDENT REDUCTION-WERKSWINKEL

Leer weer vlieg! *Is jy frustreerd in jou berading? Help dan mense om uit die kokon te kom en weer te kan vlieg!* Kom leer uiters bruikbare tegnieke om jou in berading en lewensbegeleiding te help, veral met die fokus op traumahantering. Hierdie geleentheid vind **vanaf 8 - 11 April 2019** by die NG Gemeente Pellissier in Bloemfontein plaas - klik **hier** vir meer inligting. Enige navrae kan aan ds Petri Coetzee op 084 207 3508, of p3coetzee@icloud.com gerig word.

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS·UV
THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

Verstaan die direkte 2020-vertaling van die Bybel - 'n Moderne Bybelvertalingskursus:

Wil jy graag meer weet oor die vertalingsmetode agter die direkte vertaling van die Bybel wat in 2020 verskyn? Die **Departement Hebreeus aan die UV** het 'n **3de-jaars semesterkursus in Moderne Bybelvertaling vir die tweede semester van 2019 ontwikkel** om jou nuuskierigheid te bevredig. Enige een met minstens Hebreeus 2 kan inskryf, al het jy dit 30 jaar gelede gedoen en is jou Hebreeus verroes.

Die kursus word virtueel aangebied (*ZOOM*). Jy kan dus in jou eie studeerkamer voor jou rekenaar sit en deelneem. Jou klasmaats, die dosent en die *Powerpoint*-aanbieding sal op jou skerm vertoon en hulle sal jou en al jou vrae hoor! Julle gaan oor die invloed van nuwe ontdekkings in die grammatika, literatuur en kultuur op die 2020-vertaling praat, asook die rol wat ideologie hierin speel. Trouens, verskillende vertalings word uit hierdie hoek vergelyk... en daar is nog baie meer. Die kursus is so prakties dat dit vir jou Bybelstudie en preekmateriaal in die hand sal gee. Die koste beloop ongeveer R5 235 (RSA) en R7 625 (ander SADEC-lande).

Sluitingsdatum vir aansoeke is gedurende Maart 2019. Jy sal **as geleentheidstudent moet registreer**, maar prof Cynthia Miller-Naudé (millercl@ufs.ac.za), Departementshoof van Hebreeus, sal jou hiermee help - **kontak haar so spoedig moontlik.** 'n Volledige inligtingspamflet is ook by Bertus Celliers (bertus9@mymtnmail.co.za), Barnard Steyn (bicsteyn@ngkvs.co.za) en prof Jacobus Naudé (naudej@ufs.ac.za / 078 458 9982), beskikbaar. Klik ook **hier** vir 'n meer volledige inligtingstuk oor dié kursus.

'n VBO-geleentheid - Studietoer na Isreal: Wou u nog altyd graag na Israel reis? Besoek die Heilige Land vanaf **21 - 29 November 2019** saam met proff Francois Tolmie en Fanie Snyman, asook dr Lodewyk Sutton van die UV se Fakulteit Teologie en Religie. Belangstellende leraars kan elk **30 - 50 x VBO-punte verdien** (30 punte vir die besoek en 'n verdere 20 punte vir die inhandiging van 'n werkstuk ná aanleiding van dié besoek). **Deposito's is teen 31 Maart 2019 betaalbaar** - klik ook **hier** vir meer inligting, sowel as die skematiese voorstelling van die reisplan. Rig enige navrae hieroor aan dr Sutton by suttonl@ufs.ac.za, of by OberholzerM1@ufs.ac.za

<u>Neem asseblief kennis:</u> Dit is die beleid van *Vrypos* om geen toere te adverteer nie, maar omdat hierdie toer 'n VBO-geleentheid is, word 'n vergunning gemaak.

Klik **hier** vir 'n 2019-Jaarprogram van die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling se opleidingsgeleenthede.